PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD : MAGISTERIAL DISTRICT OF OTJIWARONGO

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the magisterial district of Otjiwarongo proclaimed a road which is indicated on sketch map P296, defined the route thereof as described in the schedule hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road, with number 2450.

SCHEDULE

Description of Road:

From a point (A on sketch P296) on trunk road 2/5 on the farm Portion A of Otjitasu 19 generally northeastwards across the farms Portion A of Otjitasu 19 and Portion 14 of Otjitasu 19 to a point (D) on the northeastern boundary of the last-mentioned farm which is also the common boundary of the last-mentioned farm and the farm Otjiwarongo Townlands West 408; thence continuing across the farm Otjiwarongo Townlands West 408 generally northeastwards to a point on the said farm; thence generally eastsoutheastwards across the farms Otjiwarongo Townlands West 408, Portion 8 (Railway Reserve) of Otjiwarongo Townlands West 408, Otjiwarongo Townlands West 408, Portion 8 (Railway Reserve) of Otjiwarongo Townlands West 408 and Railway Reserve 475 to a point (B) on the southeastern boundary of the said reserve.

No. 95] [1 May 1975

CLOSING OF FARM ROAD 2753 : DISTRICT OF OUTJO

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Outjo closed farm road 2753 which is indicated on sketch map P552 and which is described in the schedule hereto.

Gedeelte 8 (Spoorwegreserwe) van Otjiwarongo-dorpsgrond West 408 en Spoorwegreserwe 475 tot op 'n punt (B) op die suidoostelike grens van laasgenoemde reserwe.

No. 94] [1 Mei 1975

PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD : LANDDROSDISTRIK OTJIWARONGO

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die landdrosdistrik Otjiwarongo 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P296 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in die bylae hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad met nommer 2450 verklaar.

BYLAE

Beskrywing van Pad:

Van 'n punt (A op skets P296) op hoofpad 2/5 op die plaas Gedeelte A van Otjitasu 19 algemeen noordooswaarts oor die plase Gedeelte A van Otjitasu 19 en Gedeelte 14 van Otjitasu 19 tot op 'n punt (D) op die noordoostelike grens van laasgenoemde plaas wat ook die gemeenskaplike grens is van die laasgenoemde plaas en die plaas Otjiwarongo-dorpsgrond West 408; van daar voortgaande oor die plaas Otjiwarongo-dorpsgrond West 408 algemeen noordooswaarts tot op 'n punt op genoemde plaas; van daar algemeen oossuidooswaarts oor die plase Otjiwarongo-dorpsgrond West 408, Gedeelte 8 (Spoorwegreserwe) van Otjiwarongo-dorpsgrond West 408, Otjiwarongo-dorpsgrond West 408, Gedeelte 8 (Spoorwegreserwe) van Otjiwarongo-dorpsgrond West 408 en Spoorwegreserwe 475 tot op 'n punt (B) op die suidoostelike grens van genoemde reserwe.

No. 95] [1 Mei 1975

SLUITING VAN PLAASPAD 2753 : DISTRIK OUTJO

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Outjo plaaspad 2753 wat aangetoon word op sketskaart P552 gesluit soos in die bylae hieronder beskryf.

SCHEDULE

Description of Road:	*Portion Closed:*
The road described as farm road 2753 in Schedule II of Proclamation 56 of 1955.	The whole.

BYLAE

Beskrywing van Pad:	*Gedeelte Gesluit:*
Die pad beskryf as plaaspad 2753 in Bylae II van Proklamasie 56 van 1955.	Die hele.

No. 96] [1 May 1975

CLOSING OF FARM ROAD 2754 AND PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD : DISTRICT OF OUTJO

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Outjo closed farm road 2754 which is indicated on sketch map P552 and which is described in Schedule I hereto and proclaimed a road which is indicated on sketch map P552, defined the route thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a farm road, with number 2754.

SCHEDULE I

Description of Road:	*Portion Closed:*
The road described as farm road 2754 in Schedule II of Proclamation 56 of 1955 and by Proclamation 23 of 1972.	The whole.

SCHEDULE II

Farm Road 2754:

From a point (E on sketch P552) on main road 65 near the north-eastern corner beacon of the farm Saturn 103 generally south-southwestwards across the farm Saturn 103 to a point (C) on the south-eastern boundary of the said farm which is also the common boundary of the farms Saturn 103 and Libertas 101.

No. 96] [1 Mei 1975

SLUITING VAN PLAASPAD 2754 EN PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD : DISTRIK OUTJO

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Outjo plaaspad 2754 wat aangetoon word op sketskaart P552 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P552 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot plaaspad met nommer 2754 verklaar.

BYLAE I

Beskrywing van Pad:	*Gedeelte Gesluit:*
Die pad beskryf as plaaspad 2754 in Bylae II van Proklamasie 56 van 1955 en in Proklamasie 23 van 1972.	Die hele.

BYLAE II

Plaaspad 2754:

Van 'n punt (E op skets P552) op grootpad 65 naby die noordoostelike hoekbaken van die plaas Saturn 103 algemeen suid-suidweswaarts oor die plaas Saturn 103 tot op 'n punt (C) op die suidoostelike grens van genoemde plaas wat ook die gemeenskaplike grens is van die plase Saturn 103 en Libertas 101.

No. 97] [1 May 1975

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF MAIN ROAD 37 AND PROPOSED PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A NEW PORTION OF MAIN ROAD 37: DISTRICT OF MALTAHÖHE.

Under and by virtue of the provisions of section 21(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972)

No. 97] [1 Mei 1975

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 37 EN VOORGENOME PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N NUWE GEDEELTE VAN GROOTPAD 37: DISTRIK MALTAHÖHE.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 21(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17

as amended, it is hereby made known that the Director of Roads proposes that a portion of main road 37 be closed as described in Schedule I hereto and that a new portion of main road 37 be proclaimed as described in Schedule II hereto.

A sketch map (number P680) of the area concerned indicating the road referred to in the proposal as well as other proclaimed, minor and private roads in that area lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Maltahöhe.

Any person having any objections to the above proposal should lodge such objections in writing with the grounds upon which they are based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 1 May 1975 with the Director of Roads, Private Bag 12005, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point (A on sketch P680) on main road 37 on the western boundary of the farm Portion 1 of Nomtsas 26 generally east-southeastwards across the farms Portion 1 of Nomtsas 26 and Nomtsas 26 to a point (C) on the last-mentioned farm; thence generally southeastwards across the farms Nomtsas 26 crossing the Fish River and Nomtsas 26 to a point (E) on the last-mentioned farm; thence generally south-southeastwards across the farm Nomtsas 26 to a point (F) on main road 37 on the said farm.

SCHEDULE II

From a point (A on sketch P680) on main road 37 on the western boundary of the farm Portion 1 of Nomtsas 26 generally east-southeastwards across the farms Portion 1 of Nomtsas 26 and Nomtsas 26 to a point (C) on the last-mentioned farm; thence generally east-southeastwards across the farm Nomtsas 26 to a point (H) on the said farm; thence generally southeastwards across the farms Nomtsas 26, crossing the Fish River and Nomtsas 26 to a point (F) on main road 37 on the said farm.

No. 98] [1 May 1975

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

The Minister of Bantu Administration and Development has been pleased, under the powers vested in him by section 32(4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951) (South West Africa) read with section 3 of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and section 2 of the South West Africa Native Affairs Administration Proclamation, 1958 (Proclamation 9 of 1958), as amended, it is hereby made known that the Director of Roads proposes that a portion of main road 37 be closed as described in Schedule I hereto and that a new portion of main road 37 be proclaimed as described in Schedule II hereto.

A sketch map (number P680) of the area concerned indicating the road referred to in the proposal as well as other proclaimed, minor and private roads in that area lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Maltahöhe.

Any person having any objections to the above proposal should lodge such objections in writing with the grounds upon which they are based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 1 May 1975 with the Director of Roads, Private Bag 12005, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point (A on sketch P680) on main road 37 on the western boundary of the farm Portion 1 of Nomtsas 26 generally east-southeastwards across the farms Portion 1 of Nomtsas 26 and Nomtsas 26 to a point (C) on the last-mentioned farm; thence generally southeastwards across the farms Nomtsas 26 crossing the Fish River and Nomtsas 26 to a point (E) on the last-mentioned farm; thence generally south-southeastwards across the farm Nomtsas 26 to a point (F) on main road 37 on the said farm.

SCHEDULE II

From a point (A on sketch P680) on main road 37 on the western boundary of the farm Portion 1 of Nomtsas 26 generally east-southeastwards across the farms Portion 1 of Nomtsas 26 and Nomtsas 26 to a point (C) on the last-mentioned farm; thence generally east-southeastwards across the farm Nomtsas 26 to a point (H) on the said farm; thence generally southeastwards across the farms Nomtsas 26, crossing the Fish River and Nomtsas 26 to a point (F) on main road 37 on the said farm.

No. 98] [1 Mei 1975

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

Dit het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 32(4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951) (Suidwes-Afrika), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in

tion 119 of 1958), to approve the amendment of the regulations as set out in the Schedule hereto, and as adopted by the Municipality of Luzderitz.

SCHEDULE

MUNICIPALITY OF LÜDERITZ:

AMENDMENT OF LOCATION REGULATIONS.

The Location Regulations published under Government Notice 131 dated 24 June 1932, are hereby amended by -

(a) the substitution of the following for regulation 17 and 17(1):

"17: Every registered occupier shall pay in advance to the local authority, in respect of services rendered, the amounts as set out in Annexure A."; and

(b) the insertion of the following Annexure A after regulation 35:

ANNEXURE A

1. House rent ..... R6,00 per month

2. Site rent ..... R2,00 per month

3. Lodgers' fees ..... R1,00 per month

4. Visitors' fees ..... R1,00 per month

5. Hire of business premises .... R35,00 per month

6. Hire of garages ..... R5,00 per month

7. Water -

a) *For domestic use*

Per cubic meter (subject to a minimum cost of R1,55 per month) R0,31

b) *For all other purposes*

Per cubic meter (subject to a minimum cost of R1,75 per month) R0,35

c) Special reading of meter at the request of the consumer R0,50

d) For disconnection of the supply at the request of the consumer ..... Free

e) For disconnection of the supply due to failure to pay the account R1,00

Suidwes-Afrika, 1958 (Proklamasie 119 van 1958), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van die regulasies soos uiteengesit in die Bylae hiervan, en soos aanvaar deur die Munisipaliteit van Lüderitz.

BYLAE

MUNISIPALITEIT VAN LÜDERITZ:

WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES.

Die Lokasie-regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 131 van 24 Junie 1932, word hierby gewysig deur -

(a) regulasie 17 en 17(1) deur die volgende te vervang:

"17: Elke geregistreerde bewoner moet die gelde ten opsigte van dienste gelewer, teen die tariewe soos uiteengesit in Aanhangsel A, maandeliks vooruit aan die plaaslike bestuur betaal."; en

(b) die volgende Aanhangsel A na regulasie 35 in te voeg:

AANHANGSEL A

1. Huishuur ..... R6,00 per maand

2. Perseelhuur ..... R2,00 per maand

3. Loseerdersgelde ..... R1,00 per maand

4. Besoekersgelde ..... R1,00 per maand

5. Huur van besigheidspersele ... R35,00 per maand

6. Huur van motorhuise ..... R5,00 per maand

7. Water -

(a) *Vir huishoudelike gebruik*

Per kubieke meter (onderworpe aan 'n minimum koste van R1,55 per maand) R0,31

(b) *Vir alle ander doeleindes*

Per kubieke meter (onderworpe aan 'n minimum koste van R1,75 per maand) R0,35

(c) Spesiale lesing van meter op versoek van die verbruiker R0,50

(d) Vir afsluiting van die watertoevoer op versoek van die verbruiker ..... Gratis

(e) Vir afsluiting van die watertoevoer weens versuim om die rekening te betaal R1,00

(f) For any connection or reconnection of the supply R0,50

No. R. 678 (Republic)] [11 April 1975

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/328).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
29.35 By the insertion after subheading No. 29.35.70 of the following:				
"29.35.75 Atrazine	kg	20 % or 200 c per kg less 80 per cent of the f.o.b. price"		
38.11 By the substitution for subheading No. 38.11.60 of the following:				
"38.11.55 Weed-killers with atrazine as active ingredient	kg	20 % or 200 c per kg less 80 per cent of the f.o.b. price		
38.11.65 Weed-killers with active ingredients other than atrazine	kg	free"		

NOTE: Specific provisions, at a rate of duty of 20 % or 200 c per kg less 80 per cent of the f.o.b. price, are made for atrazine and weed-killers with atrazine as active ingredient.

(f) Vir enige aansluiting of heraansluiting van die watertoevoer ..... R0,50.

No. R.678 (Republiek)] [11 April 1975

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/328).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
29.35 Deur na subpos No. 29.35.70 die volgende in te voeg:				
"29.35.75 Atrasien	kg	20 % of 200 c per kg min 80 persent van die prys v.a.b."		
38.11 Deur subpos No. 38.11.60 deur die volgende te vervang:				
"38.11.55 Onkruiddoders met atrasien as aktiewe bestanddeel	kg	20 % of 200 c per kg min 80 persent van die prys v.a.b.		
38.11.65 Onkruiddoders met ander aktiewe bestanddele as atrasien	kg	vry."		

OPMERKING: Spesifieke voorsienings, teen 'n skaal van reg van 20 % of 200 c per kg min 80 persent van die prys v.a.b., word gemaak vir atrasien en onkruiddoders met atrasien as aktiewe bestanddeel.

No. R. 679 (Republic)] [11 April 1975

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/329).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I	II	III	IV	V
Tariff Heading	Statistical unit	Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
55.09 By the substitution for the heading of subheading No. 55.09.25 of the following: "Plain or striped fabrics, unprinted, of a width not exceeding 85 cm, specially designed for use as the distinctive traditional tribal dress of the Ovambo, Pondo, Shangaan, Tonga, Venda, Swazi or Zulu:"				

NOTE: It is made clear that only unprinted woven fabrics of cotton are classifiable under subheading No. 55.09.25.

No. R. 679 (Republiek)] [11 April 1975

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/329).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
55.09 Deur die opskrif van subpos No. 55.09.25 deur die volgende te vervang: "Effe- of gestreepte stowwe, onbedruk, met 'n wydte van hoogstens 85 cm, spesiaal ontwerp vir gebruik as die onderskeidende tradisionele stamdrag van die Ovambo, Pondo, Sjangaan, Tonga, Venda, Swazi of Zoeloe:"				

OPMERKING: Dit word duidelik gestel dat slegs onbedrukte weefstowwe van katoen by subpos No. 55.09.25 indeelbaar is.

No. R. 680 (Republic)] [11 April 1975

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/418).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

No. R. 680 (Republiek)] [11 April 1975

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/418).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
306.01	By the insertion after paragraph (6) of tariff heading No. 29.22 of the following:	
	"(7) Mono-ethylamine and mono-isopropylamine, for the manufacture of atrazine	Full duty"
	By the insertion after paragraph (5) of tariff heading No. 29.35 of the following:	
	"(6) Cyanuric chloride, for the manufacture of atrazine	Full duty"

NOTE: Provision is made for a rebate of the full duty on mono-ethylamine, mono-isopropylamine and cyanuric chloride for the manufacture of atrazine.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
306.01	Deur na paragraaf (6) van tariefpos No. 29.22 die volgende in te voeg:	
	"(7) Monoëtielamien en monoïsopropielamien, vir die vervaardiging van atrasien	Volle reg"
	Deur na paragraaf (5) van tariefpos No. 29.35 die volgende in te voeg:	
	"(6) Sianuursuurchloried, vir die vervaardiging van atrasien	Volle reg"

OPMERKING: Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op monoëtielamien, monoïsopropielamien en sianuursuurchloried vir die vervaardiging van atrasien.

No. R.681 (Republic)] [11 April 1975

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/166).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
460.06	By the insertion after tariff heading No. 29.31 of the following:	
	"29.35 Atrazine, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit	Full duty less 10 %
	38.11 Weed-killers with atrazine as active ingredient, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit.	Full duty"

No. R. 681 (Republiek)] [11 April 1975

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/166).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
460.06	Deur na tariefpos No. 29.31 die volgende in te voeg:	
	"29.35 Atrasien, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat	Volle reg min 10 %
	38.11 Onkruiddoders met atrasien as aktiewe bestanddeel, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat	Volle reg"

NOTE: Provision is made for a temporary rebate of duty on atrazine and weedkillers with atrazine as active ingredient.

OPMERKING: Voorsiening word gemaak vir 'n tydelike korting op reg op atrasien en onkruiddoders met atrasien as aktiewe bestanddeel.

No. R.741 (Republic)] [1 May 1975

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL:

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health has, in terms of section 61(1)(o) read with section 61(4) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, amended the rules published under Government Notice R.1678, dated 29 September 1971, by the addition of the following further qualifications:

1. Under the heading *(a) Medical Practitioners*

Examining Authority	*Qualification*	*Abbreviation for registration*
University of Cape Town	Diploma in Community Medicine	DCM Cape Town

2. Under the heading *(b) Dentists*

Examining Authority	*Qualification*	*Abbreviation for registration*
University of Pretoria	Bachelor of Dentistry (Honours)	BChD (Hons) Pret
	Master of Dental Sciences	MDent Pret

No. R. 741 (Republiek)] [1 Mei 1975

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD:

WYSIGING VAN DIE REËLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIES.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 61(1)(o) gelees met artikel 61(4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die reëls wat by Goewermentskennisgewing R.1678 van 29 September 1971 afgekondig is, gewysig deur die byvoeging van die volgende verdere kwalifikasies:

1. Onder die opskrif *(a) Geneeshere*

Eksaminerende liggaam	*Kwalifikasie*	*Afkorting vir registrasie*
Universiteit van Kaapstad	Diploma in Gemeenskapsgesondheid	DCM Kaapstad

2. Onder die opskrif *(b) Tandartse*

Eksaminerende liggaam	*Kwalifikasie*	*Afkorting vir registrasie*
Universiteit van Pretoria	Baccalaureus Honores in Tandheelkunde	BChD (Hons) Pret
	Magister in Tandheelkundige Wetenskappe	MDent Pret

No. R.751 (Republic)] [18 April 1975

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/330).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
40.09 By the substitution for subheading No. 40.09.70.20 of the following:				
".20 With an inside diameter exceeding 400 mm	kg	free"		
73.13 By the insertion after subheading No. 73.13.60 of the following:				
"73.13.63 Plated, coated or clad with aluminium (not with a corrugated or other profile configuration):				
.10 Of a thickness exceeding 4,75 mm	kg	3 %		
.20 Of a thickness not exceeding 4,75 mm but not less than 3 mm		3 %		
.30 Of a thickness less than 3 mm but not less than 1,257 mm	kg	3 %		
.40 Of a thickness	kg	3 %		

No. R. 751 (Republiek)] [18 April 1975

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/330).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
40.09 Deur subpos No. 40.09.70.20 deur die volgende te vervang:				
".20 Met 'n binnedeursnee van meer as 400 mm	kg	vry"		
73.13 Deur na subpos No. 73.13.60 die volgende in te voeg:				
"73.13.63 Met aluminium geplateer, bestryk of bedek (nie met 'n gegolfde of ander profielvorm nie):				
.10 Met 'n dikte van meer as 4,75 mm	kg	3 %		
.20 Met 'n dikte van hoogstens 4,75 mm maar minstens 3 mm	kg	3 %		
.30 Met 'n dikte van minder as 3 mm maar minstens 1,257 mm	kg	3 %		
.40 Met 'n dikte van	kg	3 %		

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
less than 1,257 mm but exceeding 0,386 mm				
.50 Of a thickness not exceeding 0,386 mm.	kg	3 %"		

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
minder as 1,257 mm maar meer as 0,386 mm				
.50 Met 'n dikte van hoogstens 0,386 mm	kg	3 %"		

NOTES: 1. The rate of duty on piping and tubing of unhardened vulcanised rubber, braided with wire or reinforced with wire and with an inside diameter exceeding 400 mm, fitted or not, is reduced from 15 % to free.

2. Specific provision, at a rate of duty of 3 %, is made for sheets and plates, of iron or steel, hot-rolled or cold-rolled, plated, coated or clad with aluminium (not with a corrugated or other profile configuration).

OPMERKINGS: 1. Die skaal van reg op pyp- en buisleiding van onverharde gevulkaniseerde rubber, met draad omvleg of met draad versterk en met 'n binnedeursnee van meer as 400 mm, toegerus al dan nie, word van 15 % na vry verlaag.

2. Spesifieke voorsiening, teen 'n skaal van reg van 3 %, word gemaak vir fynplate en plate, van yster of staal, warm- of koudgewals, met aluminium geplateer, bestryk of bedek (nie met 'n gegolfde of ander profielvorm nie).

No. R. 752 (Republic)] [18 April 1975

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/419).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
307.04	By the substitution for tariff heading No. 39.00 of the following:	
	"39.00 Tubing, valves and adaptors, of artificial plastic material, for the manufacture of inflatable articles	Full duty
	39.01 Artificial plastic film, sheet or strip (excluding polyurethane foam)	Full duty"
	By the insertion after paragraph (4) of tariff heading No. 39.02 of the following:	
	"(5) Artificial plastic film, sheet or strip (excluding polymers and copolymers of ethylene, styrene or vinyl chloride, acrylomethacrylic copolymers, polyacrylic and polymethacrylic derivatives)	Full duty"
307.05	By the substitution for tariff heading No. 39.00 of the following:	
	"39.00 Metallised artificial plastic tape or strip, for the manufacture of profile shapes	Full duty"
312.02	By the substitution for tariff heading No. 50.09 of the following:	
	"50.09 Woven fabrics of silk or of waste silk	Not exceeding the M.F.N. duty"

NOTES: 1. The effect of this amendment is that polyurethane foam and sponge or foam plastic material are no longer admissible under rebate of duty for the manufacture of plastic goods of plate, sheet, strip or film and shoulder pads, respectively.

No. R. 752 (Republiek)] [18 April 1975

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/419).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
307.04	Deur tariefpos No. 39.00 deur die volgende te vervang:	
	"39.00 Buisleiding, kleppe en passtukke, van kunsplastiekstof, vir die vervaardiging van opblaasbare artikels	Volle reg
	39.01 Kunsplastiekfilm, -vel of -reep (uitgesonderd poliuretaanskuim)	Volle reg"
	Deur na paragraaf (4) van tariefpos No. 39.02 die volgende in te voeg:	
	"(5) Kunsplastiekfilm, -vel of -reep (uitgesonderd polimere en kopolimere van etileen, stireen of vinielchloried, akrilometakrielkopolimere, poliakriel- en polimetakrielderivate)	Volle reg"
307.05	Deur tariefpos No. 39.00 deur die volgende te vervang:	
	"39.00 Gemetalliseerde kunsplastiekband of -reep, vir die vervaardiging van profielvorms	Volle reg"
312.02	Deur tariefpos No. 50.09 deur die volgende te vervang:	
	"50.09 Weefstowwe van sy of van afvalsy.	Hoogstens die M.B.N.-reg"

OPMERKINGS: 1 Die uitwerking van hierdie wysiging is dat poliuretaanskuim en spons- of skuimplastiekstof nie meer met korting op reg toelaatbaar is nie vir die vervaardiging van plastiekgoedere van plaat, vel, reep of film en vir skouerkussinkies, onderskeidelik.

2. The effect of this amendment is that the use of woven fabrics of silk or of waste silk under rebate of duty by the headgear industry is no longer restricted to the manufacture of linings, borders and bands.

No. R. 755 (Republic)] [18 April 1975

DEPARTMENT OF TRANSPORT:

AMENDMENTS TO THE EXAMINATION REGULATIONS FOR ENGINEER-OFFICERS, 1968.

The Minister of Transport has, in terms of section 356(1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, made the following further amendments, as set out in the Schedule hereto, to the Examination Regulations for Engineer-Officers, 1968, as promulgated under Government Notice R.471 of 22 March 1968 and subsequently amended, with effect from 1 May 1975

SCHEDULE

1. Regulation 46 is amended by the substitution for paragraphs (c) to (e) of the following paragraphs:

"(c) Examination for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going) or endorsement:-

(i) The full examination for a certificate (steam, motor or combined steam and motor) R18,00

(ii) Part A or Part B or a portion of either Part R9,00

(iii) The endorsement (steam or motor) examination R9,00

(d) Examination for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (foreign-going) or endorsement:-

* By Government Notice R.1286 of 14 August 1970.

(i) The full examination for a certificate (steam, motor or combined steam and motor) R28,00

(ii) Part A or Part B or a portion of either Part R14,00

(iii) The endorsement (steam or motor) examination R14,00

2. Die uitwerking van hierdie wysiging is dat die gebruik van weefstowwe van sy of van afvalsy met korting op reg deur die hoofdekselnywerheid nie meer beperk word tot die vervaardiging van voerings, rande en bande nie.

No. R. 755 (Republiek)] [18 April 1975

DEPARTEMENT VAN VERVOER:

WYSIGING VAN DIE EKSAMENREGULASIES VIR INGENIEUROFFISIERE, 1968.

Die Minister van Vervoer het, ingevolge artikel 356(1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, die volgende verdere wysigings, in die Bylae hiervan vervat, aangebring aan die Eksamenregulasies vir Ingenieuroffisiere, 1968, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.471 van 22 Maart 1968, soos later gewysig*, met ingang van 1 Mei 1975

BYLAE

1. Regulasie 46 word gewysig deur paragrawe (c) tot (e) te vervang deur die volgende paragrawe:-

"(c) Eksamen vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) of endossement:-

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat (stoom, motor of stoom en motor) R18,00

(ii) Deel A of Deel B of 'n gedeelte van een van hierdie dele R9,00

(iii) Eksamen vir endossement (stoom of motor) R9,00

(d) Eksamen vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) of endossement:-

* By Goewermentskennisgewing R.1286 van 14 Augustus 1970

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat (stoom, motor of stoom en motor) R28,00

(ii) Deel A of Deel B of 'n gedeelte van enige deel R14,00

(iii) Eksamen vir endossement (stoom of motor) R14,00

(e) Examination for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer -Special Grade:-

(i) The ful examination for a certificate R36,00

(ii) Part A or Part B ..... R18,00"

2. Regulation 75(1) is amended by the substitution for the fee "R4" of the fee "R6".

3. Regulation 75(2) is amended by the substitution for the fee "R4" of the fee "R6".

(e) Eksamen vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier- Spesiale Graad:-

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat .. R36,00

(ii) Deel A of Deel B ..... R18,00"

2. Regulasie 75(1) word gewysig deur die bedrag "R4" deur die bedrag "R6" te vervang.

3. Regulasie 75(2) word gewysig deur die bedrag "R4" deur die bedrag "R6" te vervang.

Algemene Kennisgewings

(No. 16 of 1975.)

NOTICE TO HAVE LAND PROCLAIMED A PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that Mr. R. I. D. M. Myburgh proposes having a portion of his farm Plesston No. 71 situated in the district of Grootfontein proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

WINDHOEK.
Date: 17 April 1975.

(No. 256 of 1975.) Republic]

In terms of section thirty-four (2) of the Building Societies Act, 1965, the following composite return is published for general information:-

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED 28 FEBRUARY 1975.

General Notices

(No. 16 van 1975.)

AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILDRESERWE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennis geskied hierby dat mnr. R. I. D. M. Myburgh van voorneme is om ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, 'n gedeelte van sy plaas Plesston No. 71 geleë in die distrik Grootfontein tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

WINDHOEK
Datum: 17 April 1975.

(No. 256 van 1975.)Republiek]

Ingevolge artikel vier-en-dertig (2) van die Bouverenigingswet, 1965, word onderstaande saamgestelde opgawe vir algemene inligting gepubliseer:-

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG 28 FEBRUARIE 1975.

	Getal/Number	Bedrag/Amount R	Bedrag/Amount R
Getal verenigings/Number of societies			
Aandelekapitaal/Share capital:			
Onbepaalde/Indefinite		2 008 227 609	
Vaste termyn/Fixed period		829 414 750	
Totaal/Total			2 837 642 359

Algemene reserwe/General reserve		123 146 030
Deposito's/Deposits:		
Vaste/Fixed	1 179 947 869	
Spaar/Savings	993 416 188	
Totaal/Total		2 173 364 057
Opgelope rente/Accrued interest		41 740 898
Kollaterale kontantdeposito's/Collateral cash deposits		8 605 184
Opgelope rente/Accrued interest		234 507
Lenings en oortrekkings/Loans and overdrafts		6 108 500
Voorskotte teen verband/Mortgage advances:		
(1) Alle voorskotte/All advances		4 344 337 364
(2) Voorskotte/hervoorskotte toegestaan gedurende die tydperk 1.4.74 tot 28.2.75 vir/ Advances/re advances granted during the period 1.4.74 to 28.2.75 for -		
(a) woonhuise waar die lening/dwelling houses where advance -		
(i) meer as R18 000 is/exceeds R18 000	198 852 101	
(ii) R18 000 of minder is/is R18 000 or less	568 628 729	
(b) woonstelle/flats	23 898 135	
(c) besigheidsdoeleindes/business purposes	12 016 791	
Totaal/Total		803 395 756
(3) Toegestaan maar nie uitbetaal nie/Granted but not paid out		257 821 691
Likwiede bates/Liquid assets:		
Kontant en deposito's onmiddellik opvraagbaar/Cash and deposits withdrawable on demand	287 664 735	
Lenings aan diskontohuise en wissels/Loans to discount houses and bills		
Onbeswaarde effekte/Unencumbered securities	38 688 481	
Opgelope rente/Accrued interest	2 403 366	
Totaal/Total		328 756 582
Statutêre minimum bedrag/Statutory minimum amount		265 676 404
Voorgeskrewe beleggings/Prescribed investments:		
Likwiede bates/Liquid assets		
Deposito's (behalwe die wat as likwiede bates geld)/Deposits (other than those ranking as liquid assets)	328 756 582	
Lenings aan diskontohuise (behalwe die wat as likwiede bates geld-/Loans to discount houses (other than those ranking as liquid assets)	188 987	
Onbeswaarde effekte (behalwe die wat as likwiede bates geld-/Unencumbered securities (other than those ranking as liquid assets)	132 873 869	
Opgelope rente/Accrued interest	7 076 695	
Totaal/Total		639 106 264
Statutêre minimum bedrag/Statutory minimum amount		504 577 889

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if required, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R5,00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 10c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

Type	*Charge*
1. Transfer of business	R2,50
2. Meeting of Sheriff	R2,50
3. Declaration of dividend	R2,50
4. Lost policy/deed/bond	R2,50
5. Sale in execution — Supreme Court	R4,00

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 35c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5,00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 10c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels pos- of geldorders:

Tipe	*Tarief*
